

Woensdag 2 September

Skrifgedeelte: Rut 1:6-18

Fokusgedeelte: Rut 1:16

In God se getrouheid kan ons volhard!

In die dae van die Rigters gebeur daar iets wat wys op God se groot genade. Rut, 'n Moabiet, 'n heiden van geboorte, kom tot geloof in die Here. Sy word ingelyf in die kerk. Sy ontvang selfs die voorreg om een van ons Here, Jesus se voorouers te word.

Naomi moes op 'n besondere manier vir Rut en Orpa, haar skoondogters, liefgehad en vir hulle omgee het. Sy het getrou teenoor hulle van die bestaan van Israel se wyse en liefdevolle God getuig. Sy het geweet dat sy niks gehad het om hulle te bied nie, maar sy vertrou dat die Here sal voorsien. Sy seën hulle, en haar raad aan hulle is om liever terug te gaan na hulle ouerhuise toe.

Naomi is bekommerd oor Rut en Orpa se welstand en geluk. Op hulle beurt is haar skoondogters weer bekommerd oor haar, en beide begin huil toe hulle moet afskeid neem. Alhoewel Orpa uiteindelik tog besluit om terug te gaan, besluit Rut om by Naomi te bly. Haar woorde getuig van haar liefde, toewyding en getrouheid aan Naomi.

Getrouheid is een van God se kosbaarste eienskappe en is lewensbelangrik in sy verhouding met ons. Sy getrouheid laat ons beseft dat Hy ons vir ewig sal liefhê, en dat Hy nooit sy besluit sal verander nie. Ons kan Hom vertrou, want Hy is onveranderlik (Num. 23:19, Heb. 13:8) en Hy sal in ons lewens werk net soos Hy in Rut s'n gewerk het.

Wanneer Hy ons verseker dat Hy ons nooit sal verlaat nie, en dat Hy ons nooit in die steek sal laat nie, hoef ons nooit daarvoor te twyfel nie.

Psalm 89-1:1, 2, 3

Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)